higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

(Tweede vraestel)
NKR VLAK 3

(4101053)

8 November 2024 (Y-vraestel)
13:00–15:30

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye en twee addenda van 3 bladsye.

037Q2N2408

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL
(Tweede vraestel)
NKR VLAK 3
TYD: 2½ UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit drie afdelings:

   ONDERWERP: SKRYF EN AANBIED

   AFDELING A: VERSLAG [50]
   AFDELING B: VERGADERINGS [30]
   AFDELING C: FUNKSIONELE SKRYFWERK [20]

2.

AFDELING A	Beantwoord **EEN** van die **TWEE** vrae
AFDELING B	Beantwoord **ALTWEE** vrae
AFDELING C	Beantwoord **EEN** van die **TWEE** vrae

   Beantwoord al die vrae.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Beplan, redigeer en proeflees die skryfstukke deeglik. Die beplanning moet VOOR die skryfstuk verskyn. Alle beplanning moet duidelik aangedui word. Trek 'n streep deur die beplanning nadat jy die finale weergawe oorgeskryf het.

5. Laat 'n reël tussen antwoorde oop.

6. Begin elke afdeling se antwoorde op 'n NUWE bladsy.

7. Die volgende vrae moet op die ADDENDA beantwoord word.
   VRAAG 1 – ADDENDUM A; VRAAG 5 – ADDENDUM B.

8. Maak seker dat jy jou EKSAMENNOMMER op albei ADDENDA neerskryf en dit saam met die ANTWOORDEBOEK inlewer.

9. Let op na die puntetoekenning by elke vraag en beplan jou tyd daarvolgens.

Kopiereg voorbehou

ONDERWERP: SKRYF EN AANBIED

AFDELING A: VERSLAG

Kies **EEN** van die **TWEE** vrae uit AFDELING A en skryf 150 tot 250 woorde daaroor.

VRAAG 1: BESKRYWENDE VERSLAG

DIE VOLGENDE AGTERGROND IS OP AL DIE VRAE IN HIERDIE VRAESTEL VAN TOEPASSING

Jy is 'n vlak-3 student by die dinamiese, Vorentoe Kollege. Die Kollege fokus baie op die ontwikkeling van studente en die kampushoof, juffrou Basson, glo daaraan dat studente moet lees. Vanjaar het sy besluit om ook by Wêreld Boekedag se vieringe in te skakel en gaan op 2 Maart 2024 'n boekedag by Vorentoe Kollege aanbied.

Jy is die sekretaris van die komitee wat verantwoordelik is vir die beplanning en aanbieding van hierdie boekedag is en julle moet die Vorentoe Biblioteek vir die viering voorberei.

SITUASIE

Die komitee begin die Vorentoe Biblioteek op 25 Februarie vir die viering van die boekedag voorberei. 'n Banier van 3 meter lank moet bokant die boekrakke teen die kosyn vasgemaak word. Patricia Mathys, die tesourier, bied aan om dit met spykers aan die houtkosyn vas te slaan. Sy het op 'n leer geklim en was besig om die banier te drapeer, toe jy 'n slag hoor. Toe jy omkyk sien jy hoe die leer begin omkantel en Patricia met ’n gil op die vloer neerslaan. Jy het dadelik gesien dat die leer se linkerpoot in die middel gebreek het wat veroorsaak het dat die leer omgeval het.

Patricia het vreeslik gehuil en het bly lê en kon nie haar linkerarm beweeg nie. Sy het gegil van die pyn toe jy aan haar linkerarm vat het en jy het vermoed dat haar arm dalk net onder die elmboog gebreek kon wees. Daar was ook 'n sny oor haar linker oogbank waar die leer haar getref het. Bloed het uit die sny oor haar gesig geloop. Sy was histeries en duidelik geskok. Jy het haar vriend, Daniel Hendriks, gevra om haar te kalmeer en met sy sakdoek drukking op die sny op haar oogbank toe te pas. Hy moes ook sorg dat sy nie haar arm beweeg nie.

Jy het dadelik die ambulans geskakel en versoek dat hulle kom help. Jy het daarna vir mej. Basson geskakel en haar ingelig wat gebeur het. Jy het aangedui dat jy saam met Patricia in die ambulans sal ry om te verseker dat daar iemand by haar is. Die ambulans was binne 7 minute op die toneel en het Patricia versorg en in die ambulans gelaai. Jy het haar getroos en probeer kalmeer terwyl jy haar vergesel het.

Julle is by die ongevalle-afdeling van die plaaslike hospitaal afgelaai en die suster aan diens het dadelik vir Patricia 'n inspuiting gegee. Die dokter het haar sny skoongemaak en moes dit met vyf steke heg. Sy is vir X-strale geneem waar die foto's gewys het dat haar voorarm gebreek was. Die dokter het haar arm gespalk, in gips gesit en vir haar pynpille gegee.

Kopiereg voorbehou

Mej. Basson het versoek dat jy na die ongeluk 'n ongeluksverslag opstel omdat jy die sekretaris van die komitee is en ook een van die ooggetuies was.

OPDRAG

Gebruik ADDENDUM A om die ONGELUKSVERSLAG (150–250 woorde) te skryf. Onthou om jou EKSAMENNOMMER op ADDENDUM A in te vul en dit saam met die ANTWOORDEBOEK in te lewer.

[50]

OF

VRAAG 2: VORDERINGSVERSLAG

Dit is nou twee weke voor die Kollege se boekedag van 2 Maart. Die beplanningskomitee is druk besig om te sorg dat alle reëlings vir die viering getref is.

Die kampushoof, mej. Basson, het jou as sekretaris van die beplanningskomitee versoek om 'n vorderingsverslag oor die reëlings van die boekedag aan haar voor te lê sodat sy ingelig kan bly oor die take wat reeds afgehandel is, met watter take die komitee tans besig is en watter take nog afgehandel moet word.

Verskeie aktiwiteite gaan op die boekedag aangebied word:

'n Boekuitstalling word gehou
'n Bekende skrywer, Deon Meyer, kom gesels met die studente
Kos word by verskeie stalletjies verkoop word
Tweedehandse boeke word te koop aangebied

OPDRAG

Skryf 'n VORDERINGSVERSLAG (150–250 woorde) aan mej. Basson. Maak seker dat die volgende **OPSKRIFTE** en **INLIGTING** in die verslag verskyn:

- 'n Inleidende paragraaf met die agtergrond soos die datum en plek van die boekedag
- die doel van die verslag
- dink kreatief en noem TWEE take wat reeds voltooi is
- dink kreatief en noem DRIE take waarmee die komitee tans besig is
- dink kreatief en noem DRIE take wat nog afgehandel moet word
- 'n slotparagraaf waarin jy die vordering evalueer

- Onthou dat die verslag van 'n gepaste OPSKRIF moet hê.
- Sorg dat jy die verslag onderteken.

[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

Kopiereg voorbehou

AFDELING B: LANG FUNKSIONELE SKRYFWERK

Doen ALTWEE vrae in AFDELING B en skryf 120 tot 150 woorde daaroor.

VRAAG 3: VERGADERINGS: KENNISGEWING EN AGENDA

SITUASIE

Die kampushoof wil weekliks 'n vergadering oor die komende boekedag by Vorentoe Kollege hou om seker te maak dat alle reëlings getref is.

Die volgende komiteevergadering moet op Maandag 12 Februarie 2024 om 13:00 in die Vorentoe Biblioteek gehou word. Sake wat uit die vorige vergadering van 5 Februarie weer opgevolg moet word, is die advertensie vir tweedehandse boeke en die uitnodigingsbrief aan Deon Meyer. Daar is ook drie nuwe sake wat bespreek moet word: die tenders vir die kosstalletjies, die brief aan die uitgewers vir die boekuitstalling en die skoonmaak van die terrein.

Mej. Basson het jou as die sekretaris versoek om die kennisgewing en agenda vir die beplanningskomitee te versprei.

OPDRAG

Skryf die KENNISGEWING en AGENDA (60–75 woorde) vir hierdie komiteevergadering volledig uit. Gebruik die formaat wat aan jou onderrig is. Begin direk met die OPSKRIF van die kennisgewing – moenie in die formaat van 'n briefhoof of memorandum skryf nie.

[20]

EN

VRAAG 4: NOTULE

GEBRUIK DIE SITUASIE BY VRAAG 3 AS AGTERGROND VIR DIÉ VRAAG

OPDRAG

As sekretaris het jy die notule tydens die komiteevergadering op 12 Februarie 2024 geneem. Verwys na die agtergrond by VRAAG 3 en skryf nou item 5 (SAKE UIT DIE NOTULE) en item 6 (NUWE SAKE) soos jy dit volledig in die notule sou geskryf het. Skryf SLEGS hierdie twee items volledig uit.

[10]

TOTAAL AFDELING B: 30

Kopiereg voorbehou

AFDELING C: KORT FUNKSIONELE SKRYFWERK

Beantwoord **EEN** van die **TWEE** vrae in AFDELING C en skryf 80 tot 100 woorde daaroor.

VRAAG 5: TELEFOONBOODSKAP

OPDRAG

Mej. Basson is met 'n aanlyn vergadering besig toe Deon Meyer, die skrywer, skakel om met haar te praat oor die uitnodiging as spreker by die boekedag op 2 Maart 2024. Jy neem die oproep en onderneem om 'n boodskap aan haar oor te dra.

Deon Meyer is betrokke by Nasionale Drukkers en bedank Vorentoe Kollege vir die uitnodiging om by die boekedag te kom praat. Dit is vir hom 'n eer. Hy gaan reeds op 1 Maart 2024 per vliegtuig arriveer en gaan om 10:00 land.

Hy wil weet wie hom by die lughawe gaan ontvang. Hy versoek dat hy vir twee dae in 'n gastehuis inbespreek word en dat 'n motor aan hom beskikbaar gestel word.

Hy wil ook graag 'n opleidingsessie met die vlak-3 studente van Afrikaans Eerste Addisionele Taal aanbied om met hulle te gesels oor die skryf van 'n kortverhaal te gesels.

Hy wil weet hoe laat sy praatjie vir 2 Maart beplan word en wat die kleredrag vir die boekedag is. Hy wil ook weet hoe lank hy moet praat en wat die onderwerp van sy praatjie moet wees.

Mej. Basson kan hom op sy selfoon by 064 123 4567 terugskakel.

Voltooi die telefoonboodskap op ADDENDUM B (aangeheg). Onthou om jou EKSAMENNOMMER op ADDENDUM B in te vul en dit saam met jou ANTWOORDBOEK in te dien.

[20]

OF

VRAAG 6: ADVERTENSIE

OPDRAG

Ontwerp 'n ADVERTENSIE op ’n A4-bladsy om die studente van Vorentoe Kollege oor die boekedag op 2 Maart 2024 in die Vorentoe Biblioteek aangebied gaan word, in te lig. Moedig hulle aan om die dag by te woon en lok hulle om aan die vieringe deel te neem.

- Hou die ABBA-beginsel in gedagte.
- Trek aandag met 'n opwindende opskrif.
- Gee die datum, tyd en plek van die boekedag.
- Verwys na 'n tema vir die dag.
- Verskaf 'n REDE waarom die studente hierdie boekedag nie moet misloop nie.
- Verwys na enige van TWEE aktiwiteite wat op die dag gaan plaasvind.
- Onthou om 'n kontakpersoon en 'n kontaknommer in te sluit.

[20]

TOTAAL AFDELING C: 20
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou

EKSAMENNOMMER: | | | | | | | | | | | | | |

ADDENDUM A

AFDELING A: VERSLAG (150–250 woorde)

VRAAG 1: BESKRYWENDE VERSLAG

ONGELUKSVERSLAG				
Naam van beseerde persoon		**Datum van ongeluk**		(2)
Hoedanigheid van beseerde		**Tyd van ongeluk**		(2)
Afdeling/ Departement		**Plek van ongeluk**		(2)
Beskrywing van ongeluk en stappe daarna	_____ _____ _____ _

EKSAMENNOMMER: | | | | | | | | | | | | | |

Uitslag van die mediese ondersoek	_____ _____ _____ _____ _____ _____ _____ _____ _____ _____ _____ _____ _____ _____			(7)
Naam van opsteller		**Pos/rang/amp van opsteller**		(2)
Handtekening van opsteller		**Datum**		(2)

[50]

ONTHOU OM DIE ADDENDUM SAAM MET DIE ANTWOORDEBOEK IN TE LEWER.

Kopiereg voorbehou

EKSAMENNOMMER: | | | | | | | | | | | | | |

ADDENDUM B

AFDELING C: KORT FUNKSIONELE SKRYFWERK (80–100 woorde)

VRAAG 5: TELEFOONBOODSKAP

TELEFOONBOODSKAP

Aan: _____ Van: _____

Firma: _____ Tel.: _____

Datum: _____ Tyd: _____

Boodskap: _____

_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____

Geneem deur: _____

[20]

ONTHOU OM DIE ADDENDUM SAAM MET DIE ANTWOORDEBOEK IN TE LEWER.

Kopiereg voorbehou